II. TEGNIEKE VAN TOEPASSING OP WILDEVYE

DIE MAAK VAN LUGSTEGGIES

JACOBUS NELL

By gebrek aan 'n geskikte naam word die term "lugsteggies" gebruik vir die Engelse woord "air-layering".

Die onderste deel van 'n groot boom word gebruik (stam en wortelstelsel). Met tyd sal die tak verwyder word. Die doel hier is om wortels aan die tak in die lug te ontwikkel. Verskeie tegnieke bestaan om lugsteggies te maak.

Metode 1

Vir beginners is dit aan te bevele om hierdie metode te probeer : Vier vensters word gesny op die stam - twee aan die kante en een voor en agter. Die bas word nie heeltemal verwyder nie maar slegs losgesny soos flappe. Die bas en saphout word dan saam opgelig sodat die stam ontbloot word. Wortel hormoonpoeier word dan hier aangewend. Dit behoort wortels te stimuleer.



Metode 2

By die metode word die hele tak geringbas en die bas om die stam verwyder. Die breedte van die gedeelte wat geringbas is kan wissel van een tot drie cm. Wortel hormoonpoeier word dan op die ontblote stam aangewend.



Metode 3

By die metode word die tak se bas en saphout slegs aan die onderkant in 'n ring losgesny. Die die bas kan dan in repies gesny word en opgelig word soos flappe (Vgl No 1). Wortel hormoonpoeier word weereens onder die bas aangewend.



By elkeen van die drie metodes word daar 'n mengsel van houtsaagsels, kompos en sanderige grond binne 'n plastieksak om die behandelde tak gebind. Die mengsel word deeglik benat en natgehou.

Die lugsteggie kan afgesny word indien voldoende wortels gevorm het.